*Sondag* **23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-25 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:2**

**Heerlik om met my kinders God te dien**

Om deel van die volk van Jahwe te wees, plaas ’n groot verantwoordelikheid op jou. Net so die naam “Christen” om tot eer van Christus op te tree.

Daarom het die HERE sy gebooie aan sy verbondsvolk gegee. Die pad is gewys om anders te leef as die heidennasies. Anders as die Egiptenare waaronder slawe was, anders as die Kanaänitiese bure.

Deuteronomium 5 herhaal die Tien Gebooie, as herinnering aan die gebeure by Horeb 40 jaar tevore. Moses beklemtoon: *“Dit is nie ons voorvaders met wie Hy hierdie verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe”* (Deut. 5:3).

Wat was die doel van die gebooie? Om die eer van die HERE te bevorder en sy lof te verkondig. Die opdrag was om *“die Here jou God jou lewe lank te dien en gehoorsaam te wees”*. Lewenslank, omdat jy met jou hele lewe dank aan Hom verskuldig is. Wie so ’n dankbaarheidslewe leef, sal die seën van “’n lang lewe hê”. ’n Lang lewe was ’n gawe van God as seën in die beloofde land. Vir die Nuwe-Testamentiese gelowiges staan die begrip “ewige lewe” voorop. Jesus leer dat elkeen wat in Hom glo en Hom liefhet, nou reeds op aarde die ewige lewe ontvang (Joh. 5:24).

Die liefdesgebod word gegrond in God se liefde. *“Luister Israel, die HERE is ons God!”* Hy het sy liefde sedert Abraham bewys. Daarom behoort ons en ons hele nageslag Hom van harte lief te hê. Elke ouer wat hierdie gebooie hulle eie maak, moet dit aan hulle kinders oordra. Daagliks, waar ouers en kinders ook al saam is, moet die liefde vir God ingeskerp word. Op elke lewensterrein – waar met die hande gewerk word, met die verstand beplan word, in die gemeenskap gedien word. Dan word God verheerlik deur sy geliefdes.

*Sing: Psalm 119-1:1, 3*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*